

Dit is net Jesus wat volkome redding gee

Teks: Openbaring 3: 14 - 22

Teksvers: Openbaring 3: 19

1. Inleiding

Tans leef ons in moeilike tye. Dit is optogte en stakings, tesame met die voortdurende pandemie laat 'n mens voel daar is geen kans vir iets goed. Dikwels wil 'n mens vra, kan ons nog op gemeentepbou fokus in sulke tye. Is die kerk nie die een plek waar dinge mos reg gaan nie.

en dit is so dat dit daardie een gebied waarop ons as gereformeerdes veilig voel. End dit is met reg so. Ons voel dat ons geloof in orde is. Dit is immers op rotsvaste belydenisse wat die toets van die tyd deurstaan het gegrond. Belydenisse op die enigste ware hoeksteen. Maar gee ons aandag aan hierdie geloof. Of is dit iets wat veilig en reg daar iewers in ons binneste gebêre word.

'n Mens kan maklik die verskoning gebruik dat ons vandag baie uitdagings het wat ons tyd en aandag in beslag neem. Die verskoning word dikwels gebruik dat 'n vroeër generasie meer materiële voorspoed gehad het, daarom kon hulle meer tyd en aandag op godsdienst spandeer. Maar is dit werklik so dat meer materiële voorspoed ook 'n mens se geloofslewe voorspoedig maak. Of is beproewing juis die teelaarde vir geloofsgroei?

Ons gaan vanoggend kyk na die laaste van die sewe briewe aan die gemeentes in die boek Openbaring. Dit sal dan ook die afsluiting van ons reeks preke oor die briewe wees. Hierdie brief is aan die gemeente van Laodisea gerig. Alhoewel hulle 'n vooruitstrewende stad was, is die boodskap nie goed in hierdie brief nie.

2. Die situasie in Laodisea

Die brief aan die Loadisea is die laaste van die sewe briewe aan die gemeentes. En somer met die intrapslag is die brief anders. Die afwesigheid van vervolging is opvallend. Dit staan in besondere kontras met die briewe aan die ander gemeentes in klein-asië, waarin mense geprys word oor hulle volharding tydens verdrukking. By Sardis het ons die heidense verdrukking aangetref, by Smirna en Eerste Preek

filadelfia die Joodse uittarting en in Pergamum en Tiatira vervolging. Maar hier in Laodisea gaan dit goed en voorspoedig met die mense.

Laodisea was op 'n belangrike handelsroete geleë. Daarom was daar materiële voorspoed. Maar water was wel 'n problem vir die stad. Dit het van ver na die stad gekom. Een van die plekke waarvan dit gekom het, was Hiërapolis. In Hierapolis was daar warmwaterbronne, maar teen die tyd wat die water in Laodisea, ongeveer 10 km verder, aangekom het was dit lou. Verder het al die kalk wat dit langs die pad opgeneem het veroorsaak dat mense wat dit probeer drink, dit eerder net uitgespoeg het. Die Here gebruik in genade hierdie voorbeeld eie aan die mense, om hulle geloof situasie aan te dui. Hulle geloofslewe word eenkant toe geskuif terwyl hulle besig raak in die alledaagse dinge. Hulle geloof wat eens warm was het nou afgekoel en nutteloos geword soos die lou kalk water wat mense uitspoeg.

Maar hierdie mense is salig onbewus van hulle situasie soos ons sien in vers 17, waar hulle sê dat hulle ryk is, skatryk en niks meer nodig het nie. Miskien is dit die groot probleem met welvaart veral ook op die materiële gebied. Met genoeg materiële middele glo mense hulle het alles, en daarom nie vir God nodig nie. Tog bly dit so dat wanneer die ryk ateïs barmhartigheid aan die arm boemelaar bewys, 'n mens terug staan en wonder wie nou werklik armlastig is.

Maar dan maak die Here dit duidelik wie die armlastige is in vers 17. Hy sê dat die gemeentede van Laodisea beklaenswaardig is. Dit is dieselfde woord wat gebruik word 1 korinthiërs 15:19 om iemand te beskryf wat sy hoop in Christus net vir hierdie lewe stel en nie glo in die opstanding nie. Dit is duidelik dat daar 'n verandering in hulle geloofslewe moet kom, maar wat?

3. Die enigste hoop vir Laodisea

Jesus Christus en sy heerskappy die sentrale boodskap van die boek openbaring. Maar as ons na ons teks gedeelte kyk is Jesus Christus self in die eerste persoon aan die woord.

Daarvan getuig die baie gebruik van die persoonlike voornaamwoord Ek. Maar in besonder die tweede gedeelte van vers 14. Hier maak Jesus dit duidelik wie Hy is wat hierdie dinge aan die gemeente skryf.

Dit is belangrik wat die redding van die mense in Laodisea lê by Christus alleen. Wanneer daar oor ewigheid sake gepraat word beteken al die Goud wat Laodisea besit skielik niks nie. Ook nie die pragtige materiaal waarvan hulle klere maak nie. Self ook nie die spesiale oogsalf waarvoor hulle bekend was in die antieke wêreld nie. Want sonder geloof in Jesus Christus is hierdie dinge waardeloos. Daarom Jesus se skerp woorde in vers 18.

Maar as dit van die mens afhang om 'n verandering te maak sal dit nie gebeur nie. Daarvoor is die aanloklikhede van hierdie materiële wêreld om ons net te groot. God neem die inisiatief deur Jesus Christus. Maar meer as dit daar is 'n rede hoekom God deur Jesus hierdie inisiatief neem. En dit is wat ons teksvers aan ons openbaar. Jesus sê dat hy die tug die wat Hy liefhet. Die rede agter Jesus se optrede is onverdunde Goddelike liefde. Nie die tipe liefde wat ons in die wêreld waarneem nie. Dit is die liefde waarvan ons in Johannes 3 vers 16 lees. ¹⁶“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Hier lê die hoop vir die mense van Laodisea. Hulle kan hierdie liefdevolle stem van die Here Jesus Gehoorsaam. Die Here Jesus wat staan en klop in vers 20.

4. Die oorwinaarskroon wag vir die wat volhard

Wanneer die mense van Laodisea wel gehoorsaam is aan die Here wag daar ook nog genade op genade vir hulle. Want God se heerlikheid is so groot en ver bo ons verhef dat ons dit nie eers kan begryp nie. Tog heilig Hy sondaar mense sodat hulle kan deel hê aan sy oorwinning. Want omdat die mense van Laodisea tevrede was met alles wat hulle het en as stad bereik het. Het hulle die visie vir die hemelse koninkryk verloor. Dit is wat dikwels gebeur tydens materiële voorspoed. Mense raak so vasgevang in die hemel wat hulle hier op aarde probeer skep vir hulleself, dat hulle maklik ewigheids perspektief verloor.

Eerste Preek

Wanneer dit so gesien word, is dit duidelik dat welvaart maklik eintlik 'n beproewing kan wees. Maar in genade gee die Here die mense die opsie op die waarheid. Hulle word genooi om by die Here te koop. Hulle moet kom koop waarvan hulle dink dat hulle die beste in die wêreld produseer. Hulle dink dat hulle oorwinaars is, veral op die gebied van goud, klere en oogsalf. Maar die Here wys hulle duidelik dat gemeet aan hemelse standaarde hulle ver te kort skiet. Maar die Here gee hulle die opsie om te verander. Om eerder hulle aandag, tyd en moeite in hulle geloof te belê. Want sodoende maak hulle 'n beleging wat uitloop op die oorwinaarstroom.

Met ons vandag is dit dieselfde. Ons as gereformeerde lidmate is deel van 'n kerkverband wat moeite doen met die woord van die Here. Maar dikwels sit ons terug en kyk hoe ander mense moeite doen. Tog is dit nie genoeg nie. Die Here verwag dat ons self ons geloof ook moet voed deur die Woord ernstig te bestudeer. Want daar is 'n rykdom van God se genade wat ongesiens verby gaan omdat ons tevrede is met geloof wat net die minimum moeite verg.

5. Slot

Ten slotte kan ons saamvat deur te sê dat welvaart nie altyd die utopia lewer wat dit belowe nie. Die mense van die stad Laodisea het gedink dat hulle welvaart hulle bo aan die lys van gelowiges sit. Hulle het gedink dat hulle geloof maar outomaties sal reg wees.. Tog sien ons dat hulle van die skerpste woorde van kritiek van die Here ontvang. Hierdie selfversorgende stad wat sonder romeinse hulp homself opgebou het na 'n aarbewing, beteken niks in die oë van die Here nie. Hy wil hulle uitspoeg uit Sy mond. En vandag is daar amper niks van hierdie stad oor nie.

Ons sien ook vandag dat die Kerk van die Here dikwels in moeilike tye floreer. Ons dink maar aan verskeie sending inisiatiewe in die wêreld wat gereeld in getalle groei, terwyl vooruitstrewende gemeentes in voorstede leegloop en sluit. Partykeer is die beproewing wat oor ons pad gebring word juis die tug wat die Here in liefde aanwend om ons terug te

wen. Om ons weer opnuut ywerige te maak vir die saak van ons geloof.

Welvaart in voorspoed is iets wat maar min in Afrikaanse gemeenskappe en kerke deesdae aangetref word. Tog moet ons nie moedeloos raak in hierdie omstandighede nie. Ons moet vashou aan Jesus Christus en alles in ons vermoë doen om sy hemelheerskappy ook op die aarde te laat geld. Ons geloofslawe kan nie langer net lou wees nie. Ons moet met ywer brand vir die Here en sy koninkryk. Wanneer ons dit doen sal ons oë oopgaan vir al die genade op genade wat ons elke dag onverdiend ontvang.

Amen.